
**Pinkster 2026: Kraggakamma Gemeente**

# Verhoudingsgroei: Opregte liefde

**Romeine 12:9-21**



<table>
<tr>
<td><u>Sondag: Die liefde is opreg</u><br><br>Daar is krag in liefde, maar die lewe toets die liefde.<br><br>3 vrae vir jou verhouding:<br>• Hoe laat voel my maat my die <u>meeste van die tyd</u> oor myself?<br>• Hoe laat voel ek my maat die <u>meeste van die tyd</u> oor homself/haarself?<br>• Hoe laat voel my verhouding my meeste van die tyd oor die lewe?</td>
<td><u>Maandag: Opregte liefde hou nie boek van die kwaad nie</u><br><br>Terwyl ons mekaar afskryf, skryf God ons in genade op<br><br>• Ons is van nature telling houers! Wat beteken dit vir ons verhouding as ons gedurig telling hou van wat ons maat vir ons doen of nie doen nie?<br>• Verhoudings gaan nie oor om alles in die helfte te deel nie, maar liewer om 100% te gee van wat ek het. Hoe kan ek alles gee sonder om terug te verwag?</td>
</tr>
<tr>
<td><u>Dinsdag: Opregte liefde is eerbiedig en geesdriftig</u><br><br>My maat is God se geskenk aan my.<br>Ons is God se geskenke vir mekaar.<br><br>• Hoe kan ons mekaar soos ‘n kristalglas eerder as ‘n papier koppie hanteer?<br>• Hoe kan ons met GEESdrif verhoudings benader en verseker dinge raak nie gewoon of vervelig nie?</td>
<td><u>Woensdag: Opregte liefde is saam en nederig in alles</u><br><br>‘n Mens raak verlief op ’n persoonlikheid, maar leef saam met ‘n karakter.<br><br>• Die liefde vra, sal jy by my bly in my moeilikheid en hartseer, self al kan jy niks daaraan doen nie. Hoe kan ons verseker dat ons in goeie en in slegte tye naby mense bly?<br>• Hoe kan ons met groter nederigheid in ons verhouding leef?</td>
</tr>
<tr>
<td><u>Sondag: Opregte liefde bid en help</u><br><br>Die kwaliteit van ons lewe bepaal die kwaliteit van ons verhouding<br><br>• Verhoudings (Huwelik) is meer gebed as belofte<br>• Waar in verhoudings het ons maat dikwels ons hulp nodig, maar ons help nie?<br>• Watter waarde is daar om in verhoudings saam te bid?</td>
<td></td>
</tr>
</table>

**Pinkstergebed 2026**

Die opregte liefde is hartlik … dit skep graag ‘n warm atmosfeer!
Die opregte liefde is vergewensgesind … dit vergeef altyd eerste en ten spyte van!
Die opregte liefde is eerbiedig … dit laat ons duur en gesog voel!
Die opregte liefde is geesdriftig …. ons glo ons is God se geskenke aan mekaar!
Die opregte liefde is ruimhartig … jy mag maar wees wie jy is en ek mag maar wees wie ek is!
Die opregte liefde lag en huil saam … ek kan jou lewe nie verander nie, maar ek is saam met jou in die lewe!
Die opregte liefde is nederig … ek is sonder houding en jy is sonder vrees!
Die opregte liefde is respekvol intiem … ek vat en raak aan jou soos en wanneer jy daarvan hou en my toelaat!
Die opregte liefde help … my oë sien jou, my ore hoor jou, my hande help jou!
Die opregte liefde bid … ons is drie in die huwelik: ek, jy en God!
Die opregte liefde is ‘n duursame liefde!